basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL EN ADVERTENSIE

Bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

ARTIKEL

BEKENDE BAKENS IN GAUTENG WAS OOK "DUUR"

1. In ons reeks oor bekende geboue in die verskillende provinsies, kyk ons vandag na Gauteng. Te midde van infrastruktuurontwikkeling soos die opgradering van die internasionale OR Tambo-lughawe, die Gautreinspoor en die oprigting van sokkerstadions is daar 'n gemor oor wanbesteding van fondse en 'n gekla oor duur geboue wat met belastinggeld gebou word.

2. Geboue se nut word ook bevraagteken. Min mense onthou dat daar in 1998 voorgestel is dat die Ponte-gebou, 'n bekende woonstelblok in Johannesburg, in 'n tronk omskep moet word. So is daar ook ander stories agter sommige van Suid-Afrika se bekendste bakens.

DIE CARLTON-SENTRUM



3. Die Carlton-sentrum is op 223 meter die hoogste gebou in Afrika. Bouwerk het in Januarie 1967 begin en is in 1974 voltooi. Die gebou het 50 verdiepings, maar is steeds 3 meter te kort om onder die wêreld se 100 hoogste wolkekrabbers te tel.

4. 'n Deel van die sentrum, wat in 'n onderstebo Y-vorm gebou is, is die Carlton-hotel (regs op die foto), 'n voormalige vyfster-hotel met 600 kamers. Die hotel het tydens sy bestaansjare bekende internasionale gaste soos Margaret Thatcher, Whitney Houston, Mick Jagger, Elton John en Michael Jackson gehuisves.

5. Die totale koste van die Carlton-sentrum was R88 miljoen. Die vervangingswaarde van die kompleks word vandag op R1,5 miljard beraam.

DIE PONTE IN JOHANNESBURG



6. Op die randjie van Hillbrow staan die Ponte, eens beskryf as iets uit Star Wars en ’n ander keer as die toring van Babel.

7. Die Ponte is na twee jaar se bouwerk eindelik in 1975 voltooi. Die totale koste het R11 miljoen beloop. Die gebou troon 176 meter die lug in. Dié ronde struktuur met 470 woonstelle strek oor 54 verdiepings en is die hoogste residensiële gebou in die Suidelike Halfrond.

8. Die Ponte is oorspronklik bedoel om uit 64 verdiepings te bestaan, maar die destydse stadsraad van Johannesburg het ’n stokkie voor dié planne gesteek.

9. Die gebou het meer verdiepings as die Carlton-sentrum, maar die totale hoogte is korter, vanweë die laer hoogtes tussen die vloer en die plafon.

10. Die advertensiebord bo-op die Ponte is die grootste en hoogste advertensiebord in die Suidelike Halfrond.

DIE MICHELANGELO HOTEL EN TOWERS

11. In vergelyking met die Ponte en die Carlton-sentrum kan ’n mens kyk na die onlangs voltooide Michelangelo Hotel en Towers in Sandton wat 146 meter bo die straatvlak van Sandton uittoring. Dié gebou is vandag die derde hoogste in Johannesburg en die vyfde hoogste kommersiële struktuur in Suid-Afrika.

12. Die Michelangelo het R750 miljoen gekos en is in September 2005 voltooi. Dié gebou het nie ’n dertiende verdieping nie.

DIE UNIEGEBOU

13. Die Uniegebou in Pretoria, gebou van ligte sandsteen, is deur die bekende sir Herbert Baker ontwerp en is 285 meter lank. Die gebou vorm ’n halfsirkel en verteenwoordig die eenwording van ’n nasie wat voorheen verdeeld was.

14. Die hoeksteen is in November 1910 gelê en die struktuur is in 1913 voltooi. Sowat 1 265 werkers het die konstruksie voltooi en die totale boukoste van die projek, saam met die koste van die erf, was £1,6 miljoen. (Vandag ongeveer R16 miljoen.)

UNISA

15. Nog ’n gebou in Pretoria met ’n unieke, indrukwekkende boustyl is die administrasie-gebou van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Unisa is in 1873 gestig en het aanvanklik bekend gestaan as die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop. Met meer as 200 000 studente, kwalifiseer Unisa vandag as een van die wêreld se makro-universiteite.

16. Die indrukwekkende gebou op Muckleneuk-rif is in 1972 voltooi en het vier jaar geneem om te bou.

LAASTENS

17. Daar is nog baie soortgelyke feite en verhale uit die geskiedenis van Suid-Afrika se geboue waarna ons in hierdie reeks artikels verder gaan kyk. As ’n mens dieper krap, kom jy in alle provinsies af op baie ongelukkiges wat destyds gekla het oor die hoë boukoste en onnodige projekte in hulle omgewing.

18. Projekte wat vandag in Gauteng ontwikkel word, soos die Gautrein teen ’n verwagte R25,4 miljard, laat ook sommige mense net die kop skud en sê: “Geldmors.”

19. Maar wie weet, dalk kyk ons nageslag eendag terug en wonder oor hoe “goedkoop” die boukoste van dié infrastruktuur was.

[Verwerk uit: *Sake24*, 18 September 2009]

1.1 Is die eerste sin van paragraaf 1 'n feit of 'n mening? (1)

1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1 in EEN sin. (1)

1.3 Sê in jou eie woorde wat "omskep" in paragraaf 2 beteken. Gee EEN woord of 'n frase. (1)

1.4 Bespreek kortliks die rede vir die skryf van die artikel.
LET WEL: Jou antwoord moet teksgebonde wees. (1)

1.5 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n "wolkekrabber" (paragraaf 3) is. Skryf EEN sin. (1)

1.6 Herlees paragraaf 3 – 5.

Op grond waarvan kan jy aflei dat die hotel sy vyfsterstatus waardig was? Gee jou antwoord in EEN sin. (1)

1.7 Waarom dink jy word daar na die Ponte "as iets uit Star Wars" en "die toring van Babel" (paragraaf 6) verwys? Jou antwoord moet in TWEE sinne geskryf word. Maak seker dat jy 'n sin oor elke verwysing skryf. (2)

1.8 Waarom kan die Ponte as 'n besondere, bekende baken beskou word? Skryf TWEE sinne. (2)

1.9 Lei uit die teks af wat die uitdrukking " 'n stokkie voor dié planne gesteek" in paragraaf 8 beteken. Skryf EEN sin. (1)

1.10 Die Ponte wat uit 54 verdiepings bestaan, is korter as die Carlton-sentrum. Gee in EEN sin EEN rede waarom dit die geval is. (1)

1.11 Wat is moontlik die rede dat die Michelangelo Hotel en Towers nie 'n dertiende verdieping het nie? Skryf EEN sin. (1)

1.12 In watter opsig is die simboliese waarde, wat aan die vorm van die Uniegebou gegee is, vandag nog van toepassing? Skryf EEN sin. (1)

1.13 Unisa word vandag as een van die wêreld se makro-universiteite beskou. Gee in EEN sin EEN rede daarvoor. (1)

1.14 Dui die geïmpliseerde ooreenkoms tussen paragraaf 17 en 18 aan. (1)

1.15 Herlees die hooftitel van die artikel en paragraaf 19.

Lewer kommentaar oor die feit dat woorde soos "duur" en "goedkoop" relatiewe begrippe is. Skryf TWEE aspekte in TWEE sinne neer. (2)

1.16 Herlees die paragrawe oor die Carlton-sentrum, die Ponte en die Uniegebou. Kyk ook deeglik na die foto's van die geboue.

Hoe verskil die geboue in struktuur van mekaar?

Voltooi die tabel hieronder deur net die vraagnommer (1.16.1 – 1.16.3) en die korrekte antwoord neer te skryf.

BAKEN	STRUKTUUR
Carlton-sentrum	1.16.1
Die Ponte	1.16.2
Die Uniegebou	1.16.3

(3)

1.17 Watter baken het die langste geneem om te bou? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

ADVERTENSIE



VERANDER JOU LEWE – STUDEER BY UJ

EEN OOP DAG. 4 Kampusse. 9 Fakulteite. 200+ Voorgraadse Programme. **EEN KEUSE**.

UJ Opedag – 8 Mei

09:00 tot 16:00 (hek sluit 15:00) – besoek www.uj.ac.za of skakel 0861 00 00 UJ om seker te maak jy weet waar jy moet wees.

Om in te skryf, moet voornemende studente 'n gesertifiseerde afskrif van hul finale graad 11-uitslae en ID saambring. **Voltooi jou aansoekvorm op die opedag en staan 'n kans om 'n beurs van R20 000 los te slaan.*** (* Terme en voorwaardes geld.)

Ons logo: HERDEFINIEER AKADEMIE – HERONTDEK JOUSELF, is ook vir jou bedoel!

[Uit: *Rapport*, 20 September 2009]

1.18 Watter tegnieke word gebruik om die leser se aandag te trek? Noem TWEE tegnieke. (2)

1.19 Hoe sluit die gedagte van *"Verander jou lewe – studeer by UJ"* aan by die visuele voorstelling in die advertensie? (1)

1.20 Skryf die slagspreuk van UJ neer. (1)

1.21 "**Een Oop Dag.** 4 Kampusse. 9 Fakulteite. 200+ Voorgraadse Programme. **Een Keuse**."

Hoe word dit beklemtoon dat voornemende studente slegs EEN dag het om hul keuse te maak? (1)

1.22 **"Voltooi jou aansoekvorm op die opedag en staan 'n kans om 'n beurs van R20 000 los te slaan.*"**

1.22.1 Die sin is in vetdruk geskryf. Gee 'n rede daarvoor in EEN sin. (1)

1.22.2 Aan die einde van die sin word 'n asterisk (*) gebruik. Wat is die funksie van die asterisk? (1)

1.23 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die korrekte letter (A – D) neer.

Die teikenmark van die advertensie is …

A slegs graad 10-leerders.
B kandidate wat gegradueer het.
C enige voornemende student.
D kandidate wat graad 11 voltooi het. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

In die onderstaande teks word SEWE wenke gegee oor hoe jy as werksoeker jouself kan bemark. Som die sewe wenke **puntsgewys in volsinne** op. Jou opsomming moet nie meer as 90 woorde lank wees nie.

LET WEL:

- Jou sinne MOET volsinne wees.
- Moenie telegramstyl gebruik nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik onder jou opsomming tussen hakies aan.

BEMARK JOUSELF SÓ VIR DIE WERKPLEK

Werksoek is altyd veeleisend, waarsku mnr. Lawrence Wordon, besturende direkteur van Kelly, ’n werwing- en plasingsagentskap. Hy sê dit kan in moeilike tye langer duur om ’n werk te kry en werksoekers moet hulself kreatief bemark. Hy stel ’n paar nuttige wenke voor vir werksoekers.

Kandidate moet aanpas by die idee dat hulle soveel moontlik vir die nuwe werkgewer moet bied. Oorreed die werkgewer dat jy tot meer as die ander kandidate in staat is en ’n bydrae kan lewer wat die onderneming sal laat groei.

Aanvaar deeltydse opdragte; dit bied buigsaamheid en sal jou help om jou vaardighede uit te brei. As jy kan bewys dat jy onmisbaar is wanneer dit by ’n sekere taak kom, kan dié werk maklik ’n voltydse posisie word.

Stel vas watter vaardighede in aanvraag is en waaraan daar ’n behoefte bestaan, soos vaklui, ingenieurs of onderwysers. Indien moontlik, kies iets waarin jy belangstel en bekwaam jou verder in daardie rigting. Dit kan verseker dat jy vinniger geholpe raak in die arbeidsmark.

Netwerkgeleenthede is baie belangrik. Vertel vir mense, jou familie, vriende en kennisse dat jy werk soek. Moenie huiwer om hulp te vra nie en onthou dis baie waardevol as iemand jou aanbeveel.

Raak betrokke by organisasies of verenigings in die bedryf waarin jy wil werk. Deur in komitees te dien, kan ewe waardevol wees. Belangstellings wat veral op die werk van toepassing is, kan tot jou voordeel strek. Jy móét deel word van die bedryf op soveel as moontlik terreine.

’n Werksonderhoud is ’n tweerigtingproses: die onderhoudvoerder wil vasstel of jy die nodige kwalifikasies en vereistes vir die posisie het, terwyl jy dit kan gebruik om vas te stel of die maatskappy die groei- en ontwikkelingsgeleenthede sal bied waarna jy soek. Doen jou huiswerk as jy nie tweede wil kom nie!

Volgens Wordon is die CV die belangrikste dokument in die werksoekproses. ’n Mens kry waarskynlik een kans om die werkgewer te beïndruk en dit is deur jou CV. Jy moet seker maak dat jou CV altyd gereed is en voldoen aan die verwagtinge.

[Verwerk uit: *Loopbane*, 17 Januarie 2010]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ARTIKEL

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

WB 2010 lê nie goue eiers

SA gaan minder baat as wat politici reken **Retha Grobbelaar**

As die oorsese sokkeraanhangers hul tasse gepak het en die vuvuzelas se trompetter stil is, gaan SA met WB 2010-hoofbrekens sit? ’n Kenner kyk na die toernooi se moontlike impak.

Voor en ná WB 2010, is hoe mense eendag oor Suid-Afrika sal praat, het pres. Jacob Zuma in Kaapstad in Desember gesê. Andrew Jennings, Britse joernalis en skrywer van *Foul! The Secret World of Fifa: Bribes, Vote Rigging and Ticket Scandals*, stem nie volkome saam met dié uitspraak nie.

“Almal weet dat dit ná WB 2010 ’n ramp gaan wees. Julle het stadions wat niemand wil hê nie en boonop is geld wat vir dringende maatskaplike programme nodig is, elders aangewend,” meen hy.

Kenners voorspel dat minder oorsese aanhangers as wat aanvanklik verwag is hierheen sal kom en boonop sal hulle minder bestee.

Gaan Suid-Afrika inderdaad die WB 2010-vrugte pluk soos pres. Zuma hoop? Of is Jennings se vooruitskouing akkurater?

Toernooie maak nie altyd geld nie

Prof. Stan du Plessis van die Universiteit van Stellenbosch se Departement Ekonomie meen die impak van reuse- sporttoernooie op ’n land se ekonomie, is gewoonlik klein.

Verskeie toernooie het ook al gasheerlande in skuld gedompel. Die 1976 Olimpiese Spele wat in die Kanadese stad Montreal gehou is, het owerhede duur te staan gekom – dit het 30 jaar geneem om die skuld wat weens die toernooi aangegaan is, te betaal.

In Duitsland, waar die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2006 gehou is, het sommige sektore wel beter gevaar. Dit sluit bierbrouerye, vervaardigers van sokkerware en geldwisselaars in. Die toernooi het hulle 'n hupstoot gegee, maar die werklike ekonomiese impak was van korte duur.

Suid-Afrika sal na verwagting nie ’n verlies ly nie, maar mense bevraagteken moontlik of die aanbieding van WB 2010 die moeite werd was, meen Du Plessis.

“As ons nie die geld aan die toernooi bestee het nie, wat anders kon ons daarmee gedoen het? Ons kon duisende huise en honderde skole gebou het.”

"Dis billik om te vra of ons nie ander prioriteite vir die geld moes gehad het nie."

Koste om die toernooi aan te bied, het ook die hoogte ingeskiet. Luidens 'n Fifa-verslag, wat tydens die bodproses opgestel is, was die begroting vir die plaaslike reëlingskomitee se totale uitgawes sowat $476,1 miljoen, die werklike syfers is nog onbekend.

SA se beeld gepoets

Sporttoernooie se impak word nie net in rand en sent gemeet nie. Negatiewe indrukke oor lande kan ook verander word. Du Plessis sê Suid-Afrika se beeld kan verbeter as die toernooi goed afloop.

"Dit kan Suid-Afrika verkoop as 'n goeie plek om sake te doen. Ons gaan egter nie al volgende jaar die vrugte pluk nie." Volgens prof. Simon Chadwick, professor in Sportsakestrategie en bemarking aan die Universiteit van Coventry in Brittanje, is dit moeilik om te bepaal hoeveel dié soort publisiteit werd is.

"Suid-Afrika gaan die fokus van die wêreld wees en ook 'n voorkeurbestemming vir ander sporttoernooie word," meen Chadwick. Maar hoe waardevol is dit werklik?

Jennings meen die publisiteit se waarde word oorskat. "Hulle sê die oë van die wêreld is op Suid-Afrika. Dit was nog altyd so. Ons almal weet julle het 'n pragtige land."

[Verwerk uit: *Beeld*, 6 April 2010]

3.1 In reël 1 is 'n taalfout begaan. Skryf reël 1 korrek oor. (1)

3.2 Verduidelik in EEN sin wat die geïmpliseerde betekenis van reël 1 is. (1)

3.3 *Politici* (reël 2) is een van die meervoudsvorme van *politikus*. Gee die ander meervoudsvorm van die woord. (1)

3.4 Skryf die verkleining van die woord *vuvuzela* in reël 3 neer. (1)

3.5 Uit watter taal is *vuvuzela* in reël 3 ontleen?

Kies die KORREKTE antwoord uit die onderstaande keuses en skryf slegs die letter (A – D) neer.

A Nederlands
B Engels
C Zoeloe
D Frans (1)

3.6 Vervang die woord *trompetter* in reël 4 met 'n neutraler woord. (1)

3.7 … *gaan Suid-Afrika met WB 2010-<u>hoofbrekens</u> sit?* (Reël 4)

Verskaf 'n gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord. (1)

3.8 *… kyk na die toernooi se moontlike impak.* (Reël 4 en 5)

Gee ’n sinoniem vir die ondersteepte woord. (1)

3.9 Reduseer (verkort) die onderstaande sin deur die byvoeglike bepaling uit die sin te haal. Skryf slegs die verkorte sin as antwoord neer.

Andrew Jennings, Britse joernalis en skrywer van *Foul! The Secret World of Fifa: Bribes, Vote Rigging and Ticket Scandals*, stem nie volkome saam met dié uitspraak nie. (Reël 7 – 9) (1)

3.10 ’n Persoonsnaam afgelei van *Duitsland* in reël 25 is *Duitser.* Wat word ’n inwoner van *Kaapstad* (reël 7) genoem? (1)

3.11 Brei die onderstaande sin met ’n bywoordelike bysin uit. Skryf die sin neer en onderstreep die bywoordelike bysin wat jy bygevoeg het.

Almal weet dat dit ná WB 2010 ’n ramp gaan wees. (Reël 10) (1)

3.12 Skryf die intensiewe vorm van *nodig* in reël 11 neer. (1)

3.13 Kommas ontbreek in reël 13 – 14. Voeg die kommas in en skryf slegs die gedeelte/frase tussen die kommas neer. (1)

3.14 Gee die konnotasie van *vrugte pluk* in reël 15. (1)

3.15 Kies die KORREKTE antwoord uit die onderstaande keuses en skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer:

Die twee vraagtekens wat in reël 15 en 16 gebruik word, is ter wille van …

A versagting.
B retoriese effek.
C metaforiese effek.
D onderbeklemtoning. (1)

3.16 Skryf die afkorting *prof.* in reël 18 volledig uit. (1)

3.17 *… het owerhede duur te staan gekom …* (Reël 23)

Skryf die stam van die onderstreepte woord neer. (1)

3.18 Gee die oortreffende trap van *goed* in reël 27. (1)

3.19 Vorm ’n selfstandige naamwoord van *sluit* (reël 27). (1)

3.20 *Suid-Afrika sal na verwagting nie ’n verlies ly nie.* (Reël 29)

Gebruik die onderstreepte woord se homofoon in ’n sin sodat die betekenis van dié woord duidelik blyk. (1)

3.21 Verskaf die gepaste antoniem vir die onderstreepte frase.

Suid-Afrika sal na verwagting nie 'n <u>verlies ly</u> nie. (Reël 29) (1)

3.22 Herskryf die sin *"As ons nie die geld aan die toernooi bestee het nie, wat anders kon ons daarmee gedoen het?"* (reël 32 – 33) in die indirekte rede. (1)

3.23 Gebruik *beeld* (reël 39) as 'n werkwoord in 'n volsin. (1)

3.24 Gee EEN woord vir die omskrywing tussen hakies:

Sporttoernooie se impak word nie net (in rand en sent) gemeet nie. (Reël 40) (1)

3.25 Identifiseer die hulpwerkwoord in die sin hieronder. Skryf slegs die hulpwerkwoord neer.

Suid-Afrika se beeld kan verbeter as die toernooi goed afloop. (Reël 41 – 42) (1)

3.26 *Suid-Afrika gaan die fokus van die wêreld wees.* (Reël 47)

Herskryf die sin hierbo as 'n vraagsin. (1)

3.27 Bestudeer die woordeboekuittreksel hieronder.

fo'kus □ s.nw. (-se) Punt waar lig- of warmtestrale bymekaarkom; punt waar 'n beeld gevorm word: *Die fokus van 'n kamera, lens, spieël. Die kamera, teleskoop is in, uit fokus.* Ook fig.: *Die fokus van siektekieme,* plek in die liggaam waar hulle uitbroei en vanwaar hulle versprei; haard. Vgl. BRANDPUNT.
□ ww. (gefokus) Sien FOKUSSEER. [L. *focus* vuurherd, haard]
fokus: ~afstand, ~lamp, ~skroef, ~verskil.

[Uit: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 1980]

3.27.1 Tot watter woordsoort behoort *fokus* in reël 47? (1)

3.27.2 Skryf slegs die lettergreep neer wat by die uitspraak van die woord *fokus* beklemtoon word. (1)

3.27.3 Uit watter taal is die woord *fokus* ontleen? (1)

3.27.4 Wat beteken die woord *fokus* in die taal waaruit dit ontleen is? (1)

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou